

GK Clanwilliam – Nagmaal op 26 Oktober 2014

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 13 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 13 Die Heer verlig die harde juk / van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog / en ydel is van hart en oog.
My lamp brand in die donker uur; / God het my donker opgeklar!
Met God storm ek 'n leërskaar / en met Hom spring ek oor 'n muur!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet (Eksodus 20 en Miga 7:18-20)

Psalm 86:1, 3 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kostlik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magtloos sterwe.

Skriflesing: Hosea 11:1-11

Kernverse: Hosea 11:8-9

Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk. Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.

(Hosea 11:8-9 AFR83)

Tema: Weet jy hoe lief God jou regtig het?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Fariseërs en die skrifgeleerdes het hulle weersin in Jesus Christus nie geheim gehou nie. Hulle het openlik probeer om Jesus op die een of ander manier vas te trek sodat hulle van Hom ontslae kon raak. By een so 'n geleentheid waar hulle Jesus wou vastrek, het een van hulle vir Hom gevra wat die grootste gebod in die wet is. Jesus het hom toe geantwoord:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. (Matteus 22:37-38 AFR83)

Hierdie woorde van Jesus is vir ons nie onbekend nie. Wanneer daar in ons Kategismus vir ons gevra word: **Wat eis die wet van God van ons?**, dan haal ons hierdie woorde van Jesus aan. Ons weet dat ons God moet liefhê. Hy verwag dat ons Hom sal liefhê. En as iemand vir ons sou vra: Het jy die Here lief?, sal niemand van ons huiwer nie. Ons sal dadelik prontuit en hardop sê: Ja, ek het die Here lief! Ons het vanoggend uit volle bors dit ook gesing: **Ek het U hartlik lief, o Heer!** Met hierdie woorde sê ons dat ons die Here baie liefhet.

'n Volgende vraag sou kon wees: Hoekom het jy die Here lief? Of: Hoekom het jy die Here baie lief? As ons op hierdie vrae maar net sou antwoord: Omdat die Here dit van ons verwag, voel ons aan dat dit nie die eerste en enigste rede kan wees nie. Die Here verwag nie net dat ons Hom moet liefhê omdat Hy so sê nie. In sy verhouding met ons begin die Here nooit om te sê wat Hy van ons verwag nie, maar Hy begin om te sê wat Hy doen. Hy verwag nie iets van ons wat Hy self nie bereid is om te doen nie. Die Here het ons immers eerste liefgehad. En die liefde wat Hy vir ons het, bereik sy volkome doel wanneer ons die Here liefhet. Hierop sou iemand kon vra: Hoe lief het die Here jou dan? Die Heilige Gees beantwoord vanoggend hierdie vraag vir ons met die woorde in Hosea 11.

Broers, susters en kinders, die Here begin hierdie hoofstuk deur te sê van wanneer af Hy vir Israel liefhet.

Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep. (Hosea 11:1 AFR83)

Nog voordat die volk Israel gebore is, het die Here hulle al liefgehad. Die verlossing uit Egipte word beskou as die geboorte van Israel as volk. Nog voordat hulle iets goeds of kwaad kon gedoen het, het die Here hulle al liefgehad. Die Here het nie gewag dat sy seun (Israel) eerste na Hom toe gekom het en eerste gewys het hoeveel hy na die Here verlang nie. Soos 'n ongebore baba nie liefde kan wys of gee nie, so was Israel in Egipte gewees en tog het die Here hom toe al liefgehad.

En as die Here sê dat Hy iemand liefhet, is dit nie maar net 'n gevoel nie. Hy hou ook nooit sy liefde vir iemand geheim nie. Liefde is by die Here 'n werkwoord. Sy liefde vir Israel het Hy in daade konkreet gemaak. Die Here het Israel uit Egipte geroep. Hy het hierdie kind

van Hom leer loop. Deur die Heilige Gees is Israel geleer om met God te wandel. Dit beteken om gehoorsaam te reageer op die liefde van die Here. En die Here was verheug toe Israel daardie eerste wankelrige maar gehoorsame treetjies saam met Hom gegee het. Ja, daar het tye gekom dat Israel ook neergeplons het omdat hulle nie altyd wou vertrou dat die Here se manier van doen reg is nie. Net soos 'n klein kindjie wat leer loop en aan die begin meer val as loop, so was Israel. Maar die Here het nie opgegee met sy kind nie. Hy het hulle in sy arms gedra, die kneusplekke gevryf en sy kind verder leer loop.

Omdat Hy vir Israel liefhet, het Hy die slawejuk van Egipte afgehaal – die juk wat sy volk so stukkend geskaaf het. Tydens hulle reis na die beloofde land toe het die Here afgebuk en vir hulle gereeld kos gegee – manna en kwartels – oorgenoeg elke dag. Dit was nie net in daardie beginjare van Israel se lewe wat die Here dit gedoen het nie. Dwarsdeur Israel se bestaan het Hy dit gedoen, want Hy wil nie hê dat hulle ooit weer na Egipte se vleispotte terugverlang nie of dat hulle uitkoms by die Assiriërs gaan soek nie. 'n Terugkeer na Egipte toe of 'n hunkering na Assirië toe, weet die Here, sal net weer hernude slawerny vir sy kind beteken.

Geliefdes, hierdie manier van die Here om sy liefde konkreet te maak, is vir ons nie onbekend nie. Ons wat kan sing dat ons die Here van harte liefhet, vir ons het Hy ook al lankal liefgehad. Nog voordat die wêreld geskep is, het Hy ons liefgehad. Nog voordat ons enige iets kon doen om sy aandag te trek, was Hy al lief vir ons. In die liefdevolle optrede van 'n pa en 'n ma het die Heilige Gees ons ook geleer om met God te wandel. En die kere toe ons ongehoorsaam was, het Hy ons nie daar en dan afgeskryf en verwerp nie. Hy het ons weer en weer geleer. En dwarsdeur ons lewe sorg Hy vir ons op so 'n wyse dat ons kan agterkom hoe Hy ons met regte egte liefde al nader na Hom toe trek.

Daar is seker nie nog iets wat so seermaak soos wanneer liefde wat gegee word, geïgnoreer word of selfs verwerp word nie. Israel het die onvoorwaardelike liefde wat die Here vir hulle gehad en konkreet gewys het ook geïgnoreer. Hulle wou nie erken dat dit die Here is wat vir hulle sorg nie. En toe hulle kon loop en self dinge doen, het hulle die Here se liefde verwerp en aan die afgode offers gebring. Die liefde wat hulle aan die Here moes bewys, het hulle aan dooie afgodsbeelde gebring. Steeds het die Here nie sy kind afgeskryf nie. Weer en weer het Hy hulle met liefde nader getrek na Hom deur die vermanings wat die profete tot hulle gerig het. Keer op keer het die Here hulle opgeroep om hulle te bekeer.

Maar Efraim het geweier om hom te bekeer. (Hosea 11:5 AFR83)

Broers, susters en kinders, wanneer ons terugkyk op ons eie lewens, sien ons nie ook maar iets van hierdie optrede van Israel by ons raak nie? Die Here vat ons aan die hand en leer ons op 'n mooi vaderlike manier hoe ons sy liefde met liefde kan beantwoord. Hy wil hê dat ons sy liefde vir ons met liefde vir Hom sal beantwoord deur Hom te gehoorsaam. In plaas daarvan dat ons dit doen, ignoreer ons bloot sy woorde. Ons maak asof ons niks gehoor het nie en ons het uitgerekte redenasies dat die Here kamtig niks sou gesê het oor daardie sondes wat die Heilige Gees in liefde vir ons kom uitwys met die Woord. En is dit nie so dat ons ook soms so vermetel word deur sy liefde vir ons te verwerp nie? Wanneer ons nie wil erken dat dit Hy is wat ons versorg nie, doen ons dit. Wanneer ons uitkoms uit benoude omstandighede eerste by iets of iemand anders soek in plaas van by Hom wat ons liefhet, doen ons dit.

Die Here het sy liefde nie net vir tien en twintig jaar aan Israel bewys nie. En Israel het nie net een of twee keer die Here se liefde geïgnoreer of verwerp nie. Vir eeue het die Here na sy kind omgesien. Vir eeue het die Here mooigeppraat, streng geppraat, hard geppraat en getugtig. En na alles het hulle steeds geweier om hulle geheel en al tot die Here te bekeer. Die Here is inderdaad geduldig en lankmoedig, maar Hy gaan nie toelaat dat sy liefde

aanhoudend so vertrap word nie. Daarom dreig Hy sy kind. Oorlog sal sy stede verwoes en die mense in die land verteer. Party sal opgehang word en ander sal die slawejuk dra wat nie afgegooi sal kan word nie.

Maar midde-in hierdie donker oordeelswolke breek die helder strale van die Here se oneindige groot liefde deur.

Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim?

(Hosea 11:8 AFR83)

Adma en Sebojim is twee stede wat saam met Sodom en Gomorra totaal vernietig is in die oordeel van die Here. Israel se aanhoudende ontkenning dat die Here hulle liefhet en hulle aanhoudende geweier om hulle te bekeer, het net een straf verdien. Hulle moes geheel en al vernietig word. Daar moenie eers meer 'n teken van Israel op die aarde oorbly nie. Maar die Here sê:

Ek kan dit nie oor my hart kry nie. (Hosea 11:8 AFR83)

Die Here sê op 'n menslik verstaanbare manier vir ons hoe Hy voel. Hy kan Homself nie 'n tyd indink dat Hy nie meer 'n kind Israel sal hê nie. Israel verdien om heeltemal voor die aangesig van die Here te verdwyn, maar die Here sê Hy kan dit nie regkry om dit te laat gebeur nie.

En dit is allermins omdat Israel so 'n wonderlike volk is. Inteendeel, hulle is hardkoppig, eiewys en opstandig – nie 'n bietjie nie, sommer baie en aanhoudend. Wat veroorsaak dan dat die Here, die regverdige God wat sonde haat, midde-in die oordeelsaankondiging kan sê dat Hy Israel nie kan vernietig nie? Hoor die antwoord, geliefdes:

My liefde brand te sterk. (Hosea 11:8 AFR83)

Dit is alleen God se liefde vir sy kind wat Hom keer om met sy gloeiende toorn Israel heeltemal te vernietig. Die Here is die Heilige wat Hom nie deur sy emosies van woede buite beheer laat optree nie. Hy weet Israel verdien eintlik nie meer 'n krieseltjie genade nie, maar in plaas daarvan dat Hy hulle totaal vernietig, sal Hy 'n beter plan uitvoer om met die sonde af te reken.

Die Here ons God het weens sy liefde vir die hele wêreld sy enigste Seun na hierdie wêreld gestuur. En sy gloeiende toorn en verskriklike woede oor die sonde van Israel en elke ander mens op aarde het Hy nie vir een oomblik van Jesus Christus af teruggehou nie. Met die volle gloed van sy toorn het Hy Jesus aan die kruis getref, nie omdat Hy sy eie Seun gehaat het nie, maar omdat sy liefde vir Israel en sy liefde vir my en jou so sterk is. In plaas daarvan dat ons eintlik onder die oordeel van God moes vergaan het, het Hy sy oordeel op Jesus laat afkom omdat Hy as die enigste Seun van God in staat is om die straf te dra en sodoende mense van die oordeel kan verlos.

Geliefdes, dit is dan vandag by die nagmaal waar die Here vir ons in die tekens van die brood en wyn nog 'n keer gaan wys wat Hy so pas vir ons gesê het. Hy het jou en my regtig so lief dat Hy sy Seun se liggaam aan die kruis gebreek en sy bloed vergiet het omdat dit die enigste effektiewe manier is om met die sonde af te reken. En wanneer ons gelowig na die tekens kyk en daarin raaksien wat die Here afbeeld en dit ontvang met 'n gelowige hart, sê die Heilige Gees vir elkeen van ons: God het jou regtig baie lief – so lief dat Hy nooit meer aan jou sonde wil dink nie.

Amen!

Psalm 130:2, 4 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregthede. / HEER, doen ook so aan my!

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Slotpsalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Slotgebed

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
26 Oktober 2014